OB9'10
18 Maart 2010

Geagte Ouers

Dit voel soos gister wat ons vir mekaar welkom geheet het en voorspoed vir die eerste skoolkwartaal in 2010 toegewens het. Weereens besef ons dat tyd nie stilstaan nie en dat ons elke geleentheid op ons lewenspad moet aangryp en elke dag voluit moet leef.

Aan elke ouer, leerder, personeellid, administratiewe dame en werker wat hard gewerk het om van elke projek wat die kwartaal aangebied is 'n sukses te maak, weereens baie baie dankie. Ons vertrou dat vriendskapsbande ook tydens die spanwerksessies gesmee en uitgebou is. Alle eer en dank aan ons Hemelse Vader vir 'n besonderse kwartaal!!

Die volgende belangrike inligting aan u:

1. <u>Vorderingsverslae / Dissiplinêre verslae / Prysuitdeling / Oueraand</u>

1.1 <u>Vorderingsverslae</u>

Leerders vanaf Gr.1 – Gr.7 ontvang <u>Donderdag 25 Maart 2010</u> om <u>12:15</u> hul vorderingsverslae. Ouers moet seker maak dat hulle dit <u>ontvang</u> en <u>teken.</u> Vorderingsverslae moet saamgeneem word na die oueraand om probleemareas met personeellede te bespreek – daarna kan die verslag by die registeronderwyser ingehandig word.

** Alle vorderingsverslae moet geteken word en die wat nie met die oueraand ingehandig word nie **<u>moet</u>** op die eerste skooldag van die nuwe kwartaal ingehandig word.

** Leerders wat nog die volgende <u>uitstaande</u> het se vorderingsverslae word persoonlik deur ouers by die Prinsipaal afgehaal:

- Kameelboekies (behalwe waar boekies weg is maar die geld wel inbetaal is.)
- Atletiekdrag deur skool uitgereik plus huurgeld.

1.2 <u>Dissiplinêre verslae</u>

Saam met die vorderingsverslae ontvang leerder sy/haar dissiplinêre verslag (positiewe/ negatiewe punte) wat ouers moet onderteken om ontvangs te erken en saam met die vorderingsverslag by die registeronderwyser moet inhandig.

1.3 <u>Prysuitdeling: Atletiek</u>

Vind plaas op <u>Donderdag 25 Maart 2010</u> <u>stiptelik om 18:00</u> in die skoolsaal. Alle ouers en leerders wat 'n uitnodiging ontvang het woon hierdie funksie by. Ons <u>versoek</u> ouers om te bly sit tot almal hul toekenning ontvang het – die verrigtinge behoort om 19:00 afgehandel te wees.

1.4 <u>Oueraand</u>

Op <u>Donderdag 25 Maart 2010</u> het ouers van Gr.1-7 leerders die geleentheid om personeel te kom spreek rakende u kind se skolastiese vordering. Die volgende ordereëlings word verskaf:

<u>Gr.1-4</u>

- Ouers wie se kind nie 'n toekenning by die prysuitdeling ontvang nie, kan <u>reeds vanaf 18:00</u> by die klaslokale aanmeld om personeel te ontmoet. Me. Elbé Pauer (Gr.2) sal eers vanaf 19:00 beskikbaar wees.

Gr.1-4 personeel sal na die prysuitdeling steeds beskikbaar wees vir ontmoetings met ouers.

Gr.5-7

- Personeel sal eers vanaf 19:00 (na die prysuitdeling) by die klaslokale beskikbaar wees vir ontmoetings met ouers.

- Die oueraand **moet** teen **20:30** afgehandel wees. Onderhoude moet kort, saaklik en op die man af wees. Reël 'n afspraak met personeellid waar uitkoms nie bereik is nie – u kind is vir ons baie belangrik.

2. Kwartaalafsluiting / skool sluit / skool begin

2.1 Afsluiting

Ouers word uitgenooi om Vrydag 26 Maart 2010 om 08:45 die afsluiting saam met die res van die skool in die saal by te woon. Leerders trek hul **skooldrag** (nie sportdrag) vir die geleentheid aan. Leerders wat op Vrydag en gedurende die vakansie verjaar mag op Vrydag 26 Maart 2010 hul verjaarsdagklere aantrek.

2.2 Skool sluit

Die skool sluit Vrydag 26 Maart 2010 om 11:00 vir die skoolvakansie.

2.3 Skool begin

Neem kennis dat die skool se deure op Maandag 12 April 2010 om 07:30 vir die tweede kwartaal heropen.

3. Rugby- en Netballiga

Die rugby- en netballigas begin direk na die skoolvakansie en versoek ons ouers om toe te sien dat leerders in oefening bly en fiks word. Moedig leerders aan om sekere vaardighede (doele; skoppe; balvaardighede; ens.) daagliks in te oefen - die Naskoolsentrum is gedurende die vakansie vanaf 07:00 – 17:30 oop en Vissies wat op die rugbyveld wil kom oefen (nie kwaaddoeners nie) kan toegang by die sentrum verkry.

4. Kleur van hare

Verwys na skoolreëls op bl. 105 en 106 in huiswerkboekie. Dit is ontoelaatbaar en ouers word versoek om toe te sien dat leerders by die reëls sal hou. Skorsing vir tot 7 dae vanaf die skool kan die gevolg wees en hare moet herstel wees.

-5. Skaakkliniek

'n Skaakkliniek vind plaas op Woensdag 24 Maart 2010 by die skool. Spelers wat belangstel om die kliniek by te woon moet nie later nie as Dinsdag 23 Maart 2010 hulle name by Juf. Joodjie Jordaan opgee .

6. Kameelkarnaval 2010

Die pryswenners van die kameelboekieverkope is soos volg:

6de plek - Demi du Toit (Radio / CD speler)
5de plek - Kayla Botha (Micro Hi-Fi)
4de plek - Leané Oosthuizen }
- Jeandré Steyn } Selfoon
3 de plek - Sammy Nortjé (Playstation)
2de plek - Kevin Greyvenstein (selfoon)
1ste plek - Wian van Vuuren (TV)

Die wenner van die Quad **Du Rand Frylinck**
Baie geluk!!! Julle harde werk is beloon

Ons het ook 98 troospryse oorhandig aan elke leerder wat 20 en meer boekies verkoop het.

Die uitslag van die klaskompetisie is:

3de plek - Gr.6V van Me. Aneleen Grové (Senor Pizza en ‘n koeldrank)
2de plek - Gr. 3G van Me. Heidi Vorster (Wiesenhofburger en melkskommel)
1ste plek - Gr.6A van Mnr. Martin Rabie (‘n Spur-ete)
Baie geluk aan hierdie 3 klasse – hoop julle het julle bederf terdeë geniet!!

Sunette van Wyk is die gelukkige wenner van die trekking - R1000 (kameel 3 – Life Suikerbosrand kliniek – jokkie Christo Kruger)

Baie dankie aan ieder en elk wat hard gewerk het om ook van hierdie jaar se Kameelkarnaval ‘n sukses te maak – WAT ‘N SPANPOGING!!

‘n Spesiale woord van dank aan al die borge en donateurs wat ‘n bydrae gelewer het tot die sukses van die dag – wees verseker ons waardeer julle positiewe gesindheid jeens ons skool en ons onderneem om elke sent terug te ploeg in hierdie pragtige leerders van ons skool.

Sodra die winsbedrag beskikbaar is, sal dit per omsendskrywe aan u deurgegee word.

7. Elizma Theron - Uitverkoop

“WOW” Die “Elizma Theron konsert was ‘n reuse sukses!!

Eerstens wil ons almal graag bedank wat die vertoning bygewoon het. Weereens is dit bewys dat daar op Vissies staatgemaak kan word.

Baie dankie vir die Graad 2- komitee van formaat!! Die Beheerliggaam, onderwysers en ouers saam met al die besoekers wat daar was, wil julle weer bedank vir ‘n baie suksesvolle aand. Dankie vir al julle harde werk en toewyding, sonder julle sou die aand nie so ‘n groot sukses gewees kon wees nie.

Ons sien uit na volgende jaar wat ook beloof om so ‘n groot sukses te wees.

Geniet die vakansie saam met u kind (ers) en herwin nuwe moed en krag vir die volgende kwartaal met al sy bedrywighede.

Vissiegroete.

_____
J.S. Roothman
Prinsipaal